



**VOORGESTELDE REËLINGSKEMAS KRAGTENS ARTIKEL 311 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 1973
(WET 61 VAN 1973), SOOS GEWYSIG ("DIE WET"),
VOORGESTEL DEUR INDUSTRIAL PARTNERSHIPS INVESTMENTS BEPERK ("IPI"),
'N FILIAAL VAN REMGRO BEPERK ("REMGRO"),
TUSSEN HL&H EN SY GEWONE EN VOORKEURAANDEELHOERS (UITSLUITEND IPI)**

1. INLEIDING

- 1.1 PSG Investment Bank Beperk ("PSGIB") is gemagtig om ter aansluiting by die omsigtigheidsaankondiging wat op Donderdag, 4 Julie 2002 op die Sekuriteitebeurs Nuusdiens ("SENS") en op Vrydag, 5 Julie 2002 in die pers gepubliseer is, aan te kondig dat IPI van voorneme is om reëlinskemas tussen HL&H en sy gewone voorkeuraandeelhouders ("HL&H aandeelhouders"), uitsluitend IPI ("skemalede") kragtens artikel 311 van die Wet, voor te stel ("die skemas"). By bekragtiging van die skemas deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika ("die Hof"), sal IPI 59 862 158 HL&H gewone aandele ("die gewone skema-aandele") en 37 878 656 HL&H voorkeuraandele ("die voorkeurskema-aandele") (gesamentlik "die skema-aandele") verkry. Gevolglik sal HL&H 'n volfiliaal van IPI word en sal die notering van HL&H se gewone en voorkeuraandele vervolgens op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika ("die JSE") beëindig word.
- 1.2 IPI behou die reg voor om aan die transaksie in paragraaf 1.1 hierbo gevolg te gee op sodanige ander wyse wat IPI as meer kostedoeltreffend mag beskou en sal dieselfde effek hê as die voorgestelde skemas.
- 1.3 IPI hou tans 162 932 743 van die 222 794 901 uitgereikte gewone aandele in HL&H en 83 771 330 van die 121 649 986 uitgereikte voorkeuraandele in HL&H, verteenwoordigend van onderskeidelik 73,1% en 68,9% van HL&H se uitgereikte gewone aandeelkapitaal en voorkeuraandeelkapitaal.

2. BEWEEGREDE VIR DIE SKEMAS

- 2.1 Daar is geruime tyd reeds baie lae likiditeit in die HL&H-aandele. IPI het die direksie van HL&H ("die direksie") meegedeel dat hy van mening is dat, gegewe die gebrek aan verhandelbaarheid van die aandeel en die hoë kostes verbonde aan die handhawing van 'n notering op die JSE, die voortgesette notering van HL&H oënskynlik kwalik geregverdig kan word.
- 2.2 Gevolglik het IPI, as behorende aandeelhouer van HL&H, HL&H in kennis gestel dat hy van voorneme is om reëlinskemas voor te stel aan die gewone en voorkeuraandeelhouders van HL&H wat HL&H-aandeelhouders in staat sal stel om hul beleggings teen 'n beduidende premie op die onlangse markpryse van HL&H te realiseer.

3. BEPALINGS VAN DIE SKEMAS

- 3.1 Onderworpe aan die nakoming van die opskortende voorwaardes in paragraaf 6 hieronder na verwys, sal skemalede wat op die rekorddatum van die skema as sodanig geregistreer is, met die inwerkingtreding van die skemas geregtig wees op die ontvangs van 'n kontantteenprestasie van 957 sent per gewone skema-aandeel, en 997 sent per voorkeurskema-aandeel ("die skemateenprestasie"). Dit verteenwoordig premies van onderskeidelik 17,4% en 20,1% op die markpryse van HL&H gewone aandele van 815 sent en HL&H-voorkeuraandele van 830 sent op Donderdag, 4 Julie 2002, die laaste handelsdag voor die publiserings van die omsigtigheidsaankondiging. Indien die voorgestelde skemas geïmplementeer word, sal skemalede nie geregtig wees tot verdere gewone of voorkeurdividende wat ná 5 Julie 2002, die datum van publikasie van die omsigtigheidsaankondiging, verklaar word nie. Die totale teenprestasie ontvangbaar deur die skemalede sal R950 531 052,38 beloop, uitsluitende van 'n netto teenprestasie van R39 922 859,00 wat ingevolge die aandeel-aansporingskema aan deelnemers betaal sal word.
- 3.2 Indien die skemas om welke rede ook al nie in werking tree nie, mag IPI, na sy goëddunke, 'n alternatiewe aanbod maak vir die verkryging van al die HL&H gewone en voorkeuraandele van HL&H-aandeelhouders, uitsluitend IPI, vir dieselfde teenprestasie, d.w.s 957 sent per gewone aandeel en 997 sent per voorkeuraandeel ("die alternatiewe aanbod"). Die alternatiewe aanbod sal onderworpe wees daaraan dat HL&H minderheidsaandeelhouders, wat nie minder nie as 90% van beide die gewone aandele en die voorkeuraandele hou wat die onderwerp van die aanbod vorm, die alternatiewe aanbod aanvaar, in welke geval IPI die bepalings van artikel 440K van die Wet sal toepas om die aandele gehou deur HL&H-minderheidsaandeelhouders wat nie die alternatiewe aanbod aanvaar het nie, verpligtend te verkry.

4. MENINGS, AANBEVELINGS EN ONDERNEMINGS

- 4.1 Die direksie het Standard Korporatiewe en Aksepbank, 'n afdeling van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk, as onafhanklike adviseur aangestel om die direksie in te lig oor die feit, al dan nie, of die skemateenprestasie billik en redelik teenoor skemalede is. Hierdie mening en die mening van die direksie sal as deel van die belangrike datums-aankondiging in paragraaf 9 hieronder na verwys, gepubliseer word.
- 4.2 HL&H-aandeelhouders, wat op die datum van hierdie aankondiging 44 666 914 gewone aandele en 30 236 609 voorkeuraandele beheer, het binne die perke van hulle mandate, onderneem om ten gunste van die skemas te stem en die skemateenprestasie te aanvaar of om, indien gepas, die alternatiewe aanbod te aanvaar. Hierdie ondernemings verteenwoordig tans 76,2% van die gewone skema-aandele en 80,0% van die voorkeurskema-aandele wat kan stem.

5. FINANSIËLE GEVOLGE VAN DIE SKEMAS

5.1 Op HL&H gewone aandeelhouders

Die finansiële gevolge van die skema op 'n skemalid wat gewone skema-aandele hou, is soos volg:

	Per 100 gewone aandele gehou		
	Voor die skema (sent)	Nà die skema (sent)	% verandering
Markwaarde	81 500 ⁽¹⁾	95 700	17,4
Netto tasbare batewaarde	79 440 ⁽²⁾	95 700	20,5
Verwaterde netto tasbare batewaarde	55 960 ⁽²⁾	95 700	71,0
Verdienste	9 010 ⁽³⁾	7 656 ⁽⁴⁾	(15,0)
Wesensverdienste	9 060 ⁽³⁾	7 656 ⁽⁴⁾	(15,5)
Verwaterde wesensverdienste	7 270 ⁽³⁾	7 656 ⁽⁴⁾	5,3

Aantekeninge:

1. Gegrond op die sluitingsmarkprys van HL&H gewone aandele van 815 sent soos op 4 Julie 2002, die laaste handelsdag voor die publiserings van die omsigtigheidsaankondiging insake die skema.
2. Gegrond op HL&H se netto tasbare batewaarde en verwaterde netto tasbare batewaarde per aandeel soos op 31 Maart 2002 van onderskeidelik 794,4 sent en 559,6 sent.
3. Gegrond op HL&H se verdienste, wesensverdienste en verwaterde wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 31 Maart 2002 van onderskeidelik 90,1 sent, 90,6 sent en 72,7 sent.
4. Gegrond op die aanname dat die skemateenprestasie belê is om 'n nabelaste opbrengs van 8% gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2002 te verdien.

5.2 Op HL&H-voorkeuraandeelhouders

Die finansiële gevolge van die skema op 'n skemalid wat voorkeurskema-aandele hou, is soos volg:

	Per 100 voorkeuraandele gehou		
	Voor die skema (sent)	Nà die skema (sent)	% verandering
Markwaarde	83 000 ⁽¹⁾	99 700	20,1
Verwaterde netto tasbare batewaarde	55 960 ⁽²⁾	99 700	78,2
Dividend	4 340 ⁽³⁾	7 976 ⁽³⁾	83,8
Verwaterde wesensverdienste	7 270 ⁽⁴⁾	7 976 ⁽³⁾	9,7

Aantekeninge:

1. Gegrond op die sluitingsmarkprys van HL&H gewone aandele van 830 sent soos op 4 Julie 2002, die laaste handelsdag voor die publiserings van die omsigtigheidsaankondiging insake die skema.
2. Gegrond op HL&H se verwaterde netto tasbare batewaarde per aandeel van 559,6 sent, soos op 31 Maart 2002.
3. Gegrond op die voorkeurdividende per aandeel van 43,4 sent ten opsigte van die 2002 finansiële jaar.
4. Gegrond op HL&H se verwaterde wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 31 Maart 2002 van 72,7 sent.
5. Gegrond op die aanname dat die skemateenprestasie belê is om 'n nabelaste opbrengs van 8% gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2002 te verdien.

6. OPSKORTENDE VOORWAARDES

Die implementering van die skemas is onderworpe aan, onder meer, die volgende opskortende voorwaardes:

- goedkeuring deur HL&H se direksie;
- dat die vereiste meerderheid stemme ten gunste van die betrokke skema uitgebring word tydens die afsonderlike vergaderings van skemalede wat onderskeidelik gewone skema-aandele en voorkeurskema-aandele hou, welke skemavergaderings vir sodanige doel belê sal word;
- bekragtiging deur die Hof van die skemas, en dat die gevolglike Hofbevel ter bekragtiging van die skemas deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer word; en
- ontvangs van die nodige regulerende goedkeurings insluitende, in soverre dit vereis word, goedkeurings deur die JSE, die Paneel oor Sekuriteiteregulering ("die PSR") en die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

7. BEVESTIGING AAN DIE PSR

PSGIB het aan die PSR bevestig dat IPI oor voldoende kontantbronne beskik om sy verpligtinge ingevolge die skemas na te kom.

8. BEËINDIGING VAN HL&H SE NOTERING OP DIE JSE

Daar sal aansoek gedoen word om die beëindiging van HL&H se notering op die JSE, effektiewelik vanaf die inwerkingtredingsdatum van die skemas. Volle besonderhede van die aanvaardings- en inleweringsprosedure vir HL&H-aandele sertifikate en ander titeldokumente sal vervat word in die skemadokumentasie waarna in paragraaf 9 hieronder verwys word.

9. VERDERE AANKONDIGING EN DOKUMENTASIE

- 9.1 Onderworpe aan die nodige goedkeuring deur die JSE en die PSR en dat die Hof gelas dat die skemavergaderings byeengeroep word, sal 'n omsendbrief bevattende breedvoerige besonderhede van die skemas, binne 30 dae vanaf hierdie aankondiging, aan skemalede geënskrif word.
- 9.2 'n Verdere aankondiging bevattende die belangrike datums van die skemas, sal mettertyd in die pers aangekondig word.

Sandton
8 Augustus 2002

Beleggingsbank en transaksieborg

Borg

Prokureur

Korporatiewe regsadviseur en konsultant

Aksepbank vir HL&H



('n Afdeling van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk)
(Registrasienuommer 1962/000738/06)